Nou moet ek u nog meer vertel. Daar is 'n broeder wat naby een van ons sendingstasies woon. Sy ouers is woonagtig op 'n plek waar 'n ander genootskap werk-saam is. Hy het toe by homself gedink, wel, ek is 'n Sewende-dag Adventis; daar is 'n groot klomp mense daar, en ons doen daar geen werk nie. Ek moet 'n plan maak om daar te kom en die saad van die waarheid daar te saai. Ek kan soheentoe gaan en by my vader woon. Niemand kan my verhinder om 'n strooihuis langs syne te bou nie; en dan nog, volgens ons volksgewoontes moet ek 'n sekere aantal maande vir my skoonmoeder werk—dis my kans. Hy het toe daar gaan woon. Hy het homself omtrent vyftig tree van die vernaamste skool daar gevestig; dit het aan 'n ander genootskap behoort en daar was vier onderwysers op die personeel. Hy het van daardie liedere waarvan Broeder De Beer ons vertel het, begin sing in sy huis. Smorens en saans het hulle huisgodsdien gehou. Die bure het die singery gehoor en gekom totdat die huis vol was. Een van die onderwysers het gesê, „Kyk hier my vriend, jy moet hierdie soort singery stop—ons wil nie in hierdie omgewing stoornis hê nie.” Ons broeder het geantwoord, „Wel, as ek dan nie kan uitsing nie sal ek maar binnensmonds sing.” Hy het nie veel gesê oor die waarheid nie, maar hy het die waarheid *gesing* vir die mense, en dit was nie lank nie of sewen-en-vyftig het by die Bybelklas aangesluit. Begryp dit—sewen-en-vyftig sluit by ons Bybelklas aan net vyftig tree van die hoofskool van 'n ander genootskap! Dit het heeltemal 'n opskudding veroorsaak, sodat 'n blanke sendeling soheentoe gestuur moes word om dinge weer tot bedaring te bring.

Hulle het toe ons evangelis, Leraar Edward, wat daar werksaam is, laat haal. Na die saak vir 'n tydlang bespreek was, het die blanke sendeling langs die kaptein gaan staan en gesê, „Julle sewen-en-vyftig mense daar is onverstandig; julle volg onkundige mense. Ek ken sommige van hulle; hulle is eenvoudige armsalige timmermanne, hulle weet niks, en wat hierdie

mense betref, mag hulle dit net so goed opgee. Hulle loop vier myl om 'n Adventiste skool by te woon en hulle gaan hulle eie skool verby, net vyftig tree van hulle af. Kaptein, ek wil hê u moet hierdie mense hier uitsit.” Die kaptein wou net begin handel toe Edward sy hand ophou en sê, „Verskoon my, maar ek wil net 'n vraag stel. Ek wil weet of daar 'n wet is wat mense belet om in hul eie huise godsdiens te hou; as daar is wil ek dit weet.” Die kaptein het sy hande begin vrywe en gesê, „Wel, ek glo nie daar is nie; ek dink ons moet hierdie mense maar laat bly, voordat die Boma dit te hore kom, en dit moet liever nie só ver gaan nie.” Toe sê die blanke sendeling, „Hoeveel van julle sewen-en-vyftig is gewillig om terug te kom?” Ek dink dat dit 'n regverdige vraag was. Oor die sewe honderd mense het op die eenkant gestaan en luister na wat hy te sê gehad het, „Is dit nie reg nie?” Het hy gevra. Hulle het geantwoord, „Ja.” Hy het vir 'n paar minute gewag, en toe, pleks dat die sewen-en-vyftig opstaan, het drie-en-twintig van die beste manne van die anderkant opgestaan en oorgekom na die sewen-en-vyftig toe! Hy sê toe, „Ek het nie gereken dit sou gebeur nie, ek dink ons moet maar die vergadering sluit.” Die vergadering is toe gesluit en almal is huis-toe. Ons het die oorwinning behaal. Ons kan niks teen die waarheid doen nie, maar wel vir die waarheid.

Soos u op die kaart sal sien is ons werk grotendeels in die suidelike deel van Nyasaland. Ons het 'n sterk werk in die suide. In die noorde het ons Broeder E. L. Tarr en sy korps werkers. In die noordweste het ons Mwami Sendingstasie. Die middelste deel is Angoniland. Ek het u vanmore meegedeel van die openinge daar. Onlangs het ons 'n skool op die suidelike uithoekie digby die grens van die Portugeese gebied gestig, en nou wil ons 'n skool op die mees noordelike punt stig. Ons hoop om eerlang 'n reeks skole dwarsdeur Nyasaland te hê. Ek wil u aandag op hierdie streek vestig; hier het ons net één eensame sendeling en sy vrou. Ons het nog nie toestemming om daar werk te begin nie. Ons wag nog vir die nodige stukke. Ons hoop en bid daeliks dat elke volgende pos vir ons die nodige toestemming sal bring, sodat ons mag begin. Ons het nietemin baie gelowiges op die Portugeese grens, wat oorgekom het en die waarheid in Nyasaland gehoor het, en dit weer terug gedra het.

Die Blinde Evangelis

Ons het 'n blinde evangelis, sy naam is Kaptein. Hy is heeltemal blind maar hy het Jesus lief, en hy preek Hom *gewis*. Gelukkig kom hy uit Portugees Oos-Afrika, waarheen hy kan teruggaan en die waarheid uitleef. Nou die dag is hy oor die grens, en het in sommige van die statte dienste gehou. Die Portugeese polisie het sy gids arresteer. Ons blinde broeder sê toe, „Wel julle het my gids geneem, julle mag my ook net so lief neem, want ek

kan niks sonder hom doen nie.” Hulle sê toe, „Goed, maar jou gids sal op die pad moet werk.” En toe het hulle die kettings aan hom geslaan en hom op die pad gesit. Kaptein sê toe, „Julle kan die kettings an my ook sit.” Hulle sê toe, „As jy nie stil bly nie sal ons.” „Wel,” sê hy toe, „Ek kan nie waarborg waar ek met die pik sal kap nie—dit mag deur iemand se voet wees, want ek kan nie sien nie.” „Jy sal hier bly en op daardie manier sal ons jou straf.” Die evangelis het op 'n klip gaan sit en vir die gevangenes begin preek. Hy het aan hulle gesê: „As ek julle nie in die statte kan bykom nie, sal die regering julle hier bring.” En op hierdie manier preek hy daar in die Portugeese gebied rond.

Die Mediese Werk

Nou, nog 'n woord omtrent ons mediese werk. Die Here het verbasend gewerk.

Die Here het op verskillende maniere deur die mediese werk gewerk. Dr. Marcus het beroemd geword as 'n oogdokter, in die verwydering van vlekke op die oë. 'n Ou man wat vir baie jare al blind is, het nou die dag na Dr. Marcus gekom, en gevra, „Kan u my weer laat sien?” Die dokter het geantwoord, „Ek dink ek kan.” Hy het hom ondersoek en geopeer. Ná verloop van drie weke het hy die verbande afgehaal. Die dokter vra hom toe, „Wat is dit hierdie?” „Dis vier vingers”; „En hierdie?” „'n Duim.” Toe het die dokter weer gevra, „Wie is daardie?” Hy het geantwoord, „Dis my vrou.” Dit is wonderlik! Daardie ou man het David Livingstone gesien, en hy het 'n boesem vriend wat genoem word David Livingstone. Hy is seker David Livingstone die tweede. Die regering het aan hulle twee 'n stuk grond van vyftig akkers gegee. Daar woon honderde mense en hulle smeek ons nou om 'n skool daar te stig—dis waar die blanke sendeling die moeilikheid met ons gehad het. Ons stig nou 'n skool op daardie stukkie grond, wat aan een van hulle eie mense behoort.

Offering en Sukses

Ek wil u sê dat die werk in die oostelike deel van die land vooruitgaan. Ons het ons probleme en moeilikhede, maar God het ons moed gegee, en Hy gee ons siele. Ons is verheug om soveel nuwe gesigte hier te sien, en is bly dat soveel getrou is aan die boodskap. U gebede en gifte gee ons moed in hierdie moeilike tye, want ons het baie moeilikhede langs die weg. Daar is die gevreesde malaria, en wat dit meebring, om te bestry. Nie so baie jare gelede het ons ons dogtertjie te ruste gelê op Solusi, en net 'n jaar gelede het ons u berig gestuur van die dood van ons oudste seuntjie. Ek wil u sê dat daar nog baie meer lewens geëis sal word voordat die werk afgedaan is. Daar sal meer seuns en dogters moet opgeoffer word, en mag die Here ons help om getrou te bly, en mag Hy ons besiel om pal te staan tot die einde en die oorwinnaarskroon te ontvang.

'n Afskeidsboodskap

LERAAR C. H. WATSON

GEDURENDE die afgelope tien weke het ek die voorreg gehad om in persoonlike aanraking te kom met die werk en die werkers van die Suidelike Afrikaanse Divisie. Dit is my eerste besoek aan hierdie deel van Afrika. Alhoewel ek nie in die kort tyd 'n volledige oorsig van die werk kon maak nie, het die plekke wat ek besoek het en die vergaderings wat ek bygewoon het, my in staat gestel om met die werk en die mense in 'n wye kring kennis te maak. Oorals was daar bewys van krag en vooruitgang te bespeur. Ná die dienste in die Durbanse kerk, het ons die Johannesburgse kampdienste bygewoon. Die seën van die Here was met ons in al die vergaderings. Die kampdienste in Noordelike en Suidelike Rhodesië en in Nyasaland is onder die mees besielende dienste wat ek nog ooit bygewoon het. Die werk wat daar aan die gang is, is een van die wonderwerke van ons beweging.

In vyf weke het ons sowat vyf-en-twintig duisend mense toegesprek. Die groot insameling van siele in die noordelike sendingvelde, is 'n bewys van die uitstorting van die Heilige Gees. Die aandeel wat die mediese werk hierin het is duidelik te sien; die dokters, verpleegsters, onderwysers, evangeliste, en Bybelwerkers werk almal saam, en die seën van die Here rus op almal in hul werk in hierdie veld. Die leiers van die Divisie, die unies, en konferensies tree op aktiewe en bekwame wyse op, en 'n goeie gees heers oor die hele veld.

My besoeke aan Kimberley, Bloemfontein, Oos-Londen, Port Elizabeth, George, Claremont, en Kaapstad was baie aanmoedigend, en ek waardeer ten seerste die bedagsaamheid van diegene wat verantwoordelik was om dit vir my moontlik te maak om die broeders en susters van hierdie plekke te ontmoet.

Tydens die kampdienste vir die Bruinmense het ek geleentheid gehad om 'n aantal ernstige gelowiges te ontmoet. Geen Adventis kon hierdie dienste bywoon sonder om 'n seën te ontvang nie.

Ek het vier heerlike dae met die onderwysers en studente op Helderberg deurbring. 'n Mooi klomp studente is hierdie jaar op kollege, en die seën van die Here het op hulle gerus waar ons saam Sy Woord studeer het. Daar heers 'n gees van erns, en die indruk wat op 'n besoeker gemaak word is dat die lewe op Helderberg beheers word deur 'n opregte doelbewustheid. Mag die ryke seëninge van die Here steeds rus op almal, en deur hulle gaan tot die behoefdiges in Suidelike Afrika.

Waar ek Kaapstad verlaat op weg na Australië, is dit onder die bewustheid van 'n groot werk wat in hierdie Divisie gedoen word, en ek is die Here dankbaar vir die aanraking met Sy werkers hier, al was dit maar vir 'n kort tydjie. My siel is verkwik, en ek sal in opregtheid bid dat die werk hier, al toon dit alreeds sulke voor-

uitgang, nog meer mag uitbrei totdat Afrika met sy baie volke gewaarsku is, en ons werk afgedaan is.

* *

Ten Behoeve van Opvoeding

M. P. ROBISON

Besef u dat opvoeding die basis is van alle ware opheffingswerk? Die mediese werk, die evangelistiese werk, die skoolwerk; almal moet opvoeding beoog of hul sukses sal van korte duur wees. Ons hele sendingprogram is 'n agressiewe opvoedingsplan wat baie volke in verskillende lande tot grote seën strek.

Die Oesinsamelingsveldtog bied vir elke kerklied 'n gulde geleentheid aan om die publiek op hoogte te bring omtrent die aard en omvang van die goeie werk wat ons doen en om ons jaarlikse oproep vir fondse te maak.

Die lande is wit vir die oes. Van alle kante kry ons versoeke om in nuwe velde te gaan werk. Leraar Boger het onlangs meegedeel dat hy 'n brief ontvang het van 'n regeringsbeampte in Noordelike Rhodesië. Die opperhoof van 'n sekere stam het hierdie beampte versoek om hom in verbinding te stel met ons sendeling ten einde 'n onderwyser te kry vir sy mense. Die beampte het aan die opperhoof duidelik gemaak dat hulle nie sou toegelaat word om bier te drink, te rook of varkvlies te eet as hulle 'n Adventiste onderwyser het nie. Die opperhoof het geantwoord dat dit presies is wat hy wou hê—'n skool wat alles sou opruim en hulle help om beter te lewe. Uit Angola kom ook baie versoeke om ons onderwysers. Ander sendinggenootskappe probeer om daar in te kom, maar die inboorlinge dring aan op die „Sabbat-sending.” Uit al die velde kom talle versoeke. Hulle vra om die onderwysers en skole wat hulle die Evangelie sal bring en die mense leer om skoon lewens te lei. Ja, die velde is wit vir die oes maar die arbeiders is min.

U kan help om gehoor te gee aan hierdie versoeke. Doen u deel in die Oesinsameling vanjaar. Deur te help om andere tot seën te wees, sal u self 'n seën ontvang.

* *

'n Lewe Gered

DR. ARCHIE N. TONGE

VER van die beskawing, in die middel van 'n natuurlike reserwe het 'n jong opperhoof gewoon wat kort tevore in die huwelik getree het. Na verloop van tyd is 'n seun gebore in hierdie koninklike huis en, sover 'n mens kon oordeel, was hy soos alle ander babas wat op die wêreld gebore word. Vir 'n paar dae het alles goed gegaan, maar die moeder was nie in staat om die kind te soog nie, daarom het hulle probeer om die toekomstige opperhoof op 'n ander manier te voed. Hulle kennis van die kunsmatige voeding van babas was baie beperk, maar hulle het hul bes gedoen. Na 'n paar weke van hier-

die behandeling het die baba baie siek geword. Hy kon niks binne hou nie, die magie het gewerk en die kos was onverteer. Hulle het ander kunsmatige kinderkos probeer maar alles het niks gehelp nie, en eindelijk het hulle die sendingdokter (Sewende-dag Adventis) ingeroep om die lewe van die kind te red as dit moontlik was. Toe die dokter daar aankom vind hy dat die baba byna dood was van honger, nie omdat hulle hom nie kos gegee het nie maar omdat die magie so mishandel was dat hy nie in staat was om die kos wat hy ingeneem het te assimileer nie. Op die ouderdom van ses weke het hy minder geweg as toe hy gebore is. Hy was in 'n bejammerenswaardige toestand; so maer dat hy skaars kon huil omdat daar geen krag in sy liggaampie was nie. Hy kon nie meer aan die pypkan drink nie.

Nadat die dokter vir drie weke noukeurig toesig gehou het by die toediening van verdunde voedsels, het die baba weer begin sterk word en kon hy weer aan sy pypkan begin suig. Hy het gou sterk geword en sy gewig het vinnig vermeerder. Dit het nie lank geneem voordat hy weer 'n fris en gesonde kleine man was nie. Ek hoef u nie te vertel van die blydschap van sy moeder en vader nie.

Wie het die lewe gered van hierdie toekomstige opperhoof van een van Afrika se invloedrykste kafferstamme? U sal sê God het dit gedoen; Hy het, maar u het gehelp. Die aantal gevalle van hierdie aard wat gered word om die Evangelieboodskap te hoor staan in direkte verhouding tot die aantal ure wat u aan oesinsamelingswerk bestee. Die geld wat u hierdie jaar insamel, sal ons in staat stel om die dokters en verpleegsters wat alreeds in die veld is op hulle poste te hou om hulle werk voort te sit en siele te red vir die koninkryk van God, maar as u u plig versuim, sal hulle moet huis-toe kom.

Uitgewers Dept.

F. E. Potter, *Sekretaris*

Die Eerste Wig

„Ons drukwerk het nog altyd die weg gebaan en sal nog altyd die weg vir ons baan in elke tak van ons werk. As ons drukwerk kwyn dan kwyn alles. Waar u ook al gaan, wat u ook al doen, en wat u ook mag sê, as die drukwerk nie uitbrei in omvang en in mag nie, dan sal al die ander afdelings van die werk mank gaan. Dit moet nie alleen bloei nie, maar ook uitbrei.

„Ons moet gedurig die belangrikheid van die taak wat God ons opgelê het in verband met ons drukwerk, voor oë hou. Die enigste doel is om die mense voor te berei om die Here te ontmoet, deur die leesstof wat ons drukkerie uitgee. Ek bid daeliks dat God ons leesstof van so'n ge-

halte mag maak dat siele gered sal word, en dat Hy aan ons leiers en kolporteurs krag en insig sal gee, sodat hulle dié planne mag beraam waardeur die doel wat God gestel het, bereik sal word."—*Aanhaling uit 'n toespraak deur Leraar C. H. Watson tot die werkers van die Pacific Press Uitgewersassosiasie, 12 Nov. 1933.*

Die voorgaande belangrike uitlating aangaande die waarde van ons leesstof behoort elke werker en gemeentelid aan te spoor om alle ondersteuning aan ons leesstofbediening in hierdie Divisie te gee. Dis hier van pas om weer 'n paar uittreksels uit die resolusies geneem op die onlangse konferensiesitting te Johannesburg, mee te deel: „Waar ons bewus is van die feit dat ons leesstofbediening 'n altyd groter rol sal speel in die voleindiging van Gods werk, en met die oog op die behoefte aan 'n wyer sirkulasie van ons leesstof, verpand ons onself om die volste ondersteuning te gee aan ons kolporteur-evangeliste in ons konferensie, deur;

(a) Te streef om ons kolporteurwerk te vergeestelik, en dit sy regmatige plek te gee, op dieselfde geestelike basis as al ons ander evangeliewerk.

(b) Te sorg dat die beste leiding gegee word aan die kolporteurkorps in hierdie konferensie.

(c) Ons werkers en voorgangers in die gemeentes aan te moedig om by hul kerke aan te dring om 'n groter gebruik te maak van ons tydskrifte en traktate."

Dit is bemoedigend om te verneem dat die leesstofbediening in hierdie Divisie goeie vordering maak. Tot einde April 1934 is daar 'n aantal boeke ter waarde van £2,000 meer verkoop as verlede jaar oor dieselfde periode. Moenie dat ons nou verslap nie. Die tyd is kort. Daar is 'n groot werk om te doen met ons leesstof. Ons kolporteurskorps gaan getrou en moedig voort, maar die tyd het aangebreek dat ons gemeentelede 'n groter en meer aanhoudende gebruik sal maak van ons leesstof.

Gemeentelede wat verlang om leesstof uit te gee in hul buurt, sal deur die Buurtsending-sekretaris van hul konferensie, op aanvraag, volle besonderhede gestuur word. Lede wat nog 'n groter aandeel wil hê in die leesstofbediening, moet in verbinding tree met die Veldsending-sekretaris van hul konferensie.



Vriendelikheid Betaal

TERWYL hy die straat afstap in King-williamstown, het sendingsekreteraris Ficker 'n klein, bejaarde man verby gegaan met 'n vrindelike „Goeie more." Met 'n glimlag het die ou heer terug gegroet, en saam met ons broeder gestap. Terwyl hulle so saam stap het die gesprek gegaan oor die ellendige toestand in die wêreld en die ou heer het erken dat hy dit nie verstaan nie. 'n Endjie verder die straat af het hulle voor Broeder Ficker se losieshuis gekom, en ons broeder het die geleentheid te baat geneem om sy metgesel te interesseer in die waarheid en hom binne te nooi.

In sy kamer het Broeder Ficker sy prospektus („Bybellesings") uitgehaal en die inhoud oorgegaan—veral die deel wat handel oor die Here se profesie betreffende Sy tweede koms.

Met blydschap het die ou heer sy naam geteken vir 'n eksemplaar van die boek en ons broeder hartelik bedank vir die belang wat hy in hom gestel het.

Dis wonderlik wat 'n vrindelike begroeting kan doen, is dit nie? Probeer dit vir uself.

S. A. Unie-Konf.

N. C. Wilson President

J. E. Symons Sekr.-Tes.

Bus 468, Bloemfontein, O. V. S.

'n Onderhoud met die Mediese Sekretaris No. 2

„ELKE oortreding van gesondheidsbeginsels deur eet en drink verstomp die waarnemingsvermoë en maak dit onmoontlik vir hulle om ewige dinge op prys te stel en na waarde te skat."—*„Counsels on Health," bls. 38.*

Volgens watter beginsel eet en drink u, vriend? Het u al ooit daarvoor nagedink? Volgens die sitaat hierbo moet dit belangrik wees. U en ek gee voort om op reis te wees na die hemelse Kanaän, ons het uit duisternis gekom tot Sy wonderbare lig. Ons het die Sabbat aangeneem. Ons het die poging om deur ons eie werke te lewe, laat staan en die geregtigheid van Christus aangeneem. Ons het 'n tiende van ons inkomste aan die Meester gewy—omdat ons weet dat dit aan Hom behoort. Ons het die Gees van profesie aangeneem as die gawe van God aan die kerk. Ons laat geen sterke drank in ons huise toe nie en ons gebruik nie tabak nie. Wat omtrent u koppie tee? Of koffie?

Die Gees van profesie het baie te sê teen hierdie twee drankte. Op bladsy 125 van „Counsels on Health" lees ons, „Die enigste veilige weg is raak nie, smaak nie, roer nie aan nie, tee, koffie, wyn, tabak, opium, en sterke drank." As 'n ding nie veilig is nie, is dit gevaarlik. Ek hou nie van die geselskap waaronder hierdie twee alledaagse, gewone drankte geplaas word nie. En u? Dit is asof u skielik uitvind dat 'n vriend, wat u vroeër beskou het as respektabel en welgemanierd, omgaan met skurke en rampokkers. Ek dink so'n ontdekking sou dadelik 'n einde maak aan die vriendskap.

Wat beteken, „Die enigste veilige weg"? Ek dink nie dat die gewone man gevaar loop om 'n dronkaard te word omdat hy tee en koffie gebruik nie. Maar tee en koffie tas die senuwee aan. Hierdie feit is alombekend in mediese kringe en word algemeen aangeneem; dit is dus nie nodig om

dit te bewys nie. Maar die bogemelde aanhaling het betrekking op ons geestelike lewe. Dit sou tog tragies wees as ons moet verlore gaan omdat ons toelaat dat tee en koffie in ons weg staan nadat ons soveel opgeoffer het vir die Derde-engelboodskap. Luister nogeens na die stem van die Gees van profesie. „In sommige gevalle is dit net so moeilik om hierdie tee- en koffiegewoonte prys te gee as wat dit vir die dronkaard is om sterke drank te laat staan. Die geld wat uitgegee word vir tee en koffie is eenvoudig verkwis. Dit benadeel die een wat dit gebruik, of dit nou 'n man of 'n vrou is. Al hierdie dinge wat 'n prikkelende uitwerking op die senuwee het, put die lewenskragte uit; en die rusteloosheid, ongeduldigheid, en verstandelike swakheid wat veroorsaak word deur geruïneerde senuwees, word 'n struikelblok wat geestelike vooruitgang gedurig teenwerk."—*„Counsels on Health," bls. 442.*

Ek wil u wys op 'n hoër doel in verband met eet en drink as net aptyt, my broeder, my suster. U geestelike lewe is van die allergrootste belang waar u op die drempel van die Here se koms staan. Ons kan dit nie bekostig om toe te laat dat enigiets ons geestelike lewe benadeel nie. „Tee en koffie vergif die gestel. Christene moet dit laat staan."—*„Testimonies," Deel II, bld. 64.*

„Die doel van ons skepping is om God te verheerlik in ons liggaam en in ons gees wat aan God behoort. Hoe kan ons dit doen as ons onself liggaamlik en geestelik verswak deur ons luste te laat botvier? Ons moet ons liggamme as 'n lewendige, God welgevallige offer stel. Dan word die plig op ons gelê om die liggaam te bewaar in die beste gesondheid sodat ons Sy vereistes kan na kom. „Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God."—*„Counsels on Health," bls. 88.*

Laat dit ons leuse wees.

S. A. Sendingveld

J. R. Campbell Superintendent

A. A. Pitt Sekr. Tes.

54 National Mutual Geboue,
43 Rissikstraat, Johannesburg

Oos-Londense Kampdientse

J. R. CAMPBELL

DIE Oos-Londense natuurlike kampdientse was hierdie jaar baie geniet. Baie van die broeders uit verskillende dele van die Oostelike provinsie, selfs uit die distrik van Herschel het gekom met die vooruitsig om Leraar Watson te hoor.

Leraar Watson het sy tyd bestee deels aan die blankes en deels aan die natuurlike,—hy was druk besig gehou. Die dienste wat hy waargeneem het, was regtig waardeer. Sy boodskappe was almal tydig en het die toehoorders met nuwe moed en hoop besiel. Die mening was uitgespreek dat dit die beste dienste was wat nog ooit in die Oos-Londense lokasie gehou was.

Die broeders het hul gifte blymoedig en gewillig gegee; alles tesame oor die £46.

Almal is huis-toe vol hoop en moed vir die toekoms.

Buurtsending Dept

F. E. Potter, Sekretaris

Aksie—nie Versigtigheid nie!

F. E. POTTER

DIE verhaal van die twee mans wat die steil berg uitgery het met 'n tandemfiets is kenskensend van die houding wat baie van ons mense inneem wat betref werk vir die Here.

Daardie twee mans, uitasem en nat van die sweet, het eindelijk die top bereik. „Dit was 'n swaar rit,” sê die een vir die ander; „Ja,” antwoord sy vrind, „As ek nie die rem aangesit het nie dan sou die feits agteruit geloop het.” Geagte gelowiges, hoeveel meer kon ons doen ter bevordering van die saak van God as ons minder versigtig sou wees. In ons persoonlike verhouding tot die kerk, die Sabbatskool, buurtsending werk, en veldtogte—byvoorbeeld soos Oesinsameling wat nou net voor ons is—hoeveel maal het ons nie aangesukkel met die remme op? Geen wonder dan dat hierdie aangename pligte, uitputtende laste word nie.

Daar is die Oesinsamelingveldtog,—en dis gladnie te vroeg om nou al daarvoor te praat nie—hoe maklik kan ons ons doel bereik as ons maar net sou ophou om met die remme te peuter.

In al ons werk vir die Here, het ons Sy belofte dat Hy met ons sal wees. Hy sal saam met ons elke steil berg uitry. Hy sal die „vernaamste” werker wees op iedere reis, maar al te dikwels vertraag ons die spoed en maak ons die reis swaar deur die rem, „self,” aan te slaan. Ons is bang vir mislukking—„agteruit gaan” in die skatting van andere, en dus slaan ons die rem aan. Die hele pad berguit gebruik ons die rem totdat ons bo is, en dan gaan ons sit en vee as 't ware die sweet van ons voorkop weg, en betreur die vermoëns van die rit, terwyl ons al die tyd, as ons maar die rem laatstaan het, 'n aangename en genotvolle rit sou gehad het.

Dis aksie wat vandag so nodig is in die werk van God—nie versigtigheid nie.

Laat ons „self” verloën en met blymoedigheid en 'n gewillige gees die werk van die Here aanvaar. Nou, in verband met die aanstaande Oesinsamelingveldtog laat ons agslaan op die volgende raadgewing:

„Laat die evangelie-boodskap weerklink deur ons kerke en hulle oproep tot algemene aksie. Laat die kerklede groter geloof hê, ywer ontvang van die onsigbare, hemelse bondgenote; van 'n kennis van hulle onuitputlike middele; van die groot-

heid van die onderneming waarin hulle besig is; en van die mag van hul Leier. Besiel deur die Gees van Hom wat Sy lewe gegee het vir die lewe van die wêreld sal hulle nie meer magtelos stil staan nie, en wys op wat hulle nie kan doen nie. Met die hemelse wapenrusting aangegord, sal hulle voortgaan na die stryd, gewillig om vir God te waag en te werk, wetende dat Sy almag in al hul behoeftes sal voorsien.”—„Testimonies,” Deel. VII, bls. 14.

✻ ✻

Helderberg se Insameling

A. W. STAPLES

DIE eerste week in Junie was Helderberg Kollege die toneel van groot bedrywigheid en entoesiasme, toe verskillende oesinsamelingspartye uitgegaan het.

Ek het die voorreg geniet om weer hierdie jaar saam met die Strewers uit te gaan. Baie het hulself aangebied vir diens, en ons moes fyn planne beraam vir die tweedaagse veldtog. Motorkar, bus, en trapfiets partye het vertrek, toe dit nog donker was. Die feit dat daar maar 'n beperkte aantal partye kon uitgaan is toe te skrywe aan die gebrek aan vervoermiddels, maar die partye wat te veldde getrek het, het baie groter sukses gehad as in die verlede. In die twee dae was byna £170 ingesamel. 'n Aansienlike stuk van ons terrein moet nog bewerk word. Die oorwinningsslae sal in Julie gelewer word.

Die studente het van oorwinning tot oorwinning gegaan. Helderberg het die voortou geneem, en bewys gelewer dat ons deur ons geesdriftige pogings hierdie jaar, groter sukses sal behaal as in die afgelope jare. Sal ons nie almal saam met hulle die veldtog mee maak, en mik na 'n glorieryke oorwinning hierdie jaar nie—die oorwinning van vorige jare?

Ons oë is veral gevestig op die Strewers—die Juniors sowel as die Seniors—om die „hardste slaie vir God te slaan.” Laat ons trag om ons doelwit binne vier weke te oortref.

✻ ✻

Die Nuwe Tekens

DIE nuwe Tekens het sy verskyning gemaak,—nuwe aantreklike rubrieke vir die publiek, en nuwe pryse vir ons kerklede.

Die nuwe rubriek sluit in „Gesondheid, Geluk en die Gesin” wat veral sal byval vind by die vrouens, terwyl die aantreklike „Hoekie vir die Kinders” die Signs en die Tekens waarlik 'n blad vir die gesin sal maak, uitgegee in Suid-Afrika vir Suid-Afrikaners.

Oral merk ons tekens van 'n ontwaking op godsdienstig gebied. Nog nooit was tye so gunstig vir die verspreiding van die Boodskap nie. Hulle mag nooit weer so gunstig wees nie. Die Here het belowe om die werk te verkort. Hy stort sy Gees uit op alle vlees. Nou is dit ons kans. Hoe treurig sal dit wees as ons die gunstige tyd, die dag van besoeking nie opmerk nie.

Terwyl die werwing van intekenare onder die publiek gedurende die maand Desember plaasvind, sal ons nou al ons aandag wy aan ons kerkklubs sodat ons pogings vir die redding van siele grootliks kan uitgebrei word.

Vir elke kerk wat vyf eksemplare per lid bestel, sal die nuwe prys een pennie per eksemplaar wees; klubs wat minder bestel moet 1½d. per eksemplaar betaal.

Veronderstel dat elke lid siks-pens per maand aan die Buurtsendingsekretaris betaal en vyf Tekens of Signs ontvang, dan kan die ekstra pennie vir posgeld gebruik word. Hierdie vyf blaie word dan verkoop, uitgeleen of weggegee. Kan 'n siks-pens beter bestee word? So 'n plan sal ons lede tot seën strek en ook die mense wat die blad ontvang.

In elke kerk behoort ons ernstige lede te hê, wat 'n deel van hul tyd bestee aan die verkoop van ons tydskrifte. Die wins, beide geldelik en geestelik, maak dit die moeite werd.

Laat ons die sirkulasie van ons sendingblad verdubbel deur gebruik te maak van rakke vir leesstof, deur van huis tot huis te gaan, deur blaie te pos en andersins.

Dit is een antwoord op die vraag hoe om die werk in hierdie geslag te voltooi. Laat ons opstaan en WERK!

Deur die diensmaag van die Here word ons beveel:

„Kerklede, ontwaak tot die belangrikheid van die sirkulasie van ons leesstof, en bestee meer tyd aan hierdie werk. Sorg dat ons blaie, traktate en boeke, wat die evangelie in sy veelsydigheid aan die mense sal verkondig, die huise bereik. Ons het geen tyd om te verkwis nie. Laat baie hulself vrywillig en onbaatsugtig aan die kolporteurwerk wy, dat die waarskuwing wat so nodig is, mag weerklink. Wanneer die kerk haar opgelegde taak aanvaar, sal sy voortgaan „mooi soos die maan, rein soos die son, verskriklik soos slagordes met vaandels.”—*Southern Watchman*, 20 Nov. 1902.

„As daar 'n taak is wat van groter belang is as 'n ander, dan is dit om ons publikasies onder die aandag van die mense te bring en hulle sodoende te lei tot die ondersoek van die Skrifte.”—*The Colporteur Evangelist*, bls. 80.

S. A. Konferensie

L. L. Moffitt President

P. W. Willmore Sekr.-Tes.

Bus 256, Bloemfontein, O. V. S.

Eerstelinge van die Boodskap op Kroonstad

J. J. B. COMBRINCK

DRIE-EN-TWINTIG kosbare siele is op 20 Mei deur Leraar J. H. Raubenheimer in die openbare swembad van Kroonstad gedoop. Dit was die eerstelinge van die

evangelistiese dienste wat op 11 Februarie bo in die dubbel verdieping van die Northern Motors Garage, oorkant die nuwe poskantoor, in Kroonstad begin het.

Die opkoms na die doopdiens was pragtig; daar was meer as 'n duisend mense om die swembad. Belangstellende vriende het van Potchefstroom, Parys, Kopjies, Bethlehem en Senekal oorgekom om die plegtigheid by te woon.

Stip om twee-uur die namiddag het Leraar Raubenheimer sy dooprede begin. Die betekenis van die doop vir die gelowige en gehoorsame het hy toe verduidelik en 'n opsomming van geloofspunte en waarhede gegee. Nadat hy die kandidate ondervra het, het hy die water ingestap en die vier broeders en negentien susters met hulle Here in die water begrawe om voortaan in 'n nuwe lewe te kan wandel. Hoewel sekere mense gekom het om te spot, het die Gees van die Here so 'n daad teruggehou en was die gehoor baie stemmig. Die hele diens was aandoenlik, indrukwekkend en plegtig.

Op 26 Mei was die pasgedoopte gelowiges die regterhand toegerek en in die laaste gemeente van God op aarde verwelkom, en daarna was die Nagmaal uitgedeel.

Die belangstelling en opkoms by die dienste is uitstekend goed, en 'n mooi aantal word vir die tweede doop voorberei. Hier is nog vele kosbare siele vir die Here wat uit Babilon moet uitgeroep word, en daarom probeer die Bose om die werk van die Here hier te verbreek.

Die heftigste en bitterste teëstand moes die Boodskap hier op Kroonstad ondervind. Die draak was waarlik vergrimd en vertoornd op die wat die gebooie van God bewaar en die Gees van profesie het. Mense het die werk van die Here op alle moontlike maniere probeer kwaad aandoen, en gedink hulle bewys God 'n diens.

Nog voor die aanvang van die dienste het hulle teëstand belowe, en van die staanspoor van die dienste was 'n wrok-teëstand aangevoer. Saans na die dienste en by hul huise was mense opgemaak en afgeraai, en was allerhande dinge vir hulle ingeprent. Toevlug was geneem tot die plaaslike nuusblad om lug te gee aan 'n verstikte en met-haat-ge vulde gemoed en om die publiek 'n afskrik van die dienste te gee. Maar die belangstelling en opkoms by die dienste was goed; gedurende die week het ons soms oor die 600 mense saans in die gehoor gehad. Die teëstand het ons lydelik en kalm verdra en maar getrou en bedaard met die aanbevole werk van die Here voortgegaan.

Die saal van Northern Motors moes ons aan die end van April ontruim en soos die bestiering van die Here was, vra die kerkraad en leraar van die Presbyteriaanse gemeente, sonder dat hulle wis dat ons nêrens 'n geskikte plek kon kry nie, dat ons hulle kerk kosteloos vir ons dienste vir 'n maand kan gebruik. Hul leraar moes weg gaan, en Leraar Raubenheimer was gevra om die Presbyteriaanse dienste te kom neem.

List of Afrikaans Equivalents

At the recent camp-meeting of the South African Conference held at Johannesburg a resolution was adopted making official certain Afrikaans equivalents for English denominational terms. We take pleasure in publishing herewith the official list as submitted by the sub-committee appointed.

Pastor	Leraar
Elder of local church	Ouderling
Home Missionary work	Buurtsendingwerk
Home Missionary Secretary	Buurtsending-sekretaris
Home Missionary Department	Buurtsendingdepartement
Missionary Volunteer Society	Strewersbond
Missionary Volunteer Department	Strewersdepartement
Missionary Volunteer Secretary	Strewersbond-sekretaris
Missionary Volunteers	Strewers
I am a Missionary Volunteer	Ek is 'n Strewer
Senior and Junior Missionary Volunteers	Senior en Junior Strewers
Nominating Committee	Benoemingskomitee
Standing Committee	Vastekomitee
Executive Committee	Uitvoerendekomitee
Plans Committee	Kommissie insake planne
	Plankomitee
	or
Budget	Be-roting
Medical Council	Mediese Raad
Devotional Meeting	Toewydingsdiens
General Conference	Wêreldkonferensie
General Post Office	Hoofposkantoor
Service	Diens
Auditing Committee	Rekenskommissie
Meeting	Vergadering
Uplift Work	Reddingswerk
	or
Church Officers	Opheffingswerk
Constituency	Kerkbeampies
Isolated Believers	Geledere of Kerklede
Disfellowship	Afgeleë lede
Investiture Service	Skraap
To Canvass Someone	Bekledingsdiens
Suggestive Canvass	Iemand kolporteer
Interested Person(s)	Model kolportasie
Resolution	Belangstellende(s)
Resolve	Resolusie
Testimony Service	Besluit
Bible Year Certificates	Getuienisdienst
Reading Course Certificates	Bybel-leessertifikate
Standard of Attainment Certificates	Leeskursussertifikate
Master Comrade Pins	Bekwaamheidsertifikate
Friend Pins	Meester-Kameraadspelde
Companion Pins	Vriendspelde
Comrade Pins	Makkerspelde of Geselspelde
Vocational Honours	Kameraadspelde
Companies	Beroepsonderskeidings
Morning Watch	Groepe
Literature Ministry	Oggendwaak
	Leesstofbediening

Die werk op Kroonstad is nog nie klaar nie. Die Strewers van die Suid-Afrikaanse Konferensie word hartlik bedank vir die gifte en gebede waarmee hulle die dienste alhier ondersteun het. Mag die seën van die Here rus op almal wat 'n deel gehad het in die werk. Dink in u gebede aan wat nog moet verrig word op Kroonstad.

„Wat moet ek doen om salig te word?“ „Glo in die Here Jesus Christus.“—„Wat moet ek doen om verdoem te word?“ „Bly ongelowig; verontagsaam die groot saligheid van Jesus.“ Dit kos nie baie moeite om verlore te gaan nie; ons is reeds verlore. Jesus bied Sy verlossing aan; weier ons om dit te aanvaar, dan bly ons verlore.

The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the
General Conference of Seventh-day Adventists
(Southern African Division)
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON Editor
MRS. J. L. MILFORD Asst. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS
J. F. Wright President.
A. E. Nelson Treas. and Auditor
A. F. Tarr Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge Medical Secy.
M. P. Robison Ed. and M. V. Secy.
F. E. Potter H. M. and Field Miss. Secy.
J. I. Robison Religious Liberty Secy.

Helderberg News Notes

HELDERBERG COLLEGE has enjoyed a large number of visitors during the past two weeks. Elder Watson was with us from June 11-14. Brother Willmore, the Moffitt family, Brother C. E. Wheeler, Miss Leila Smith, Mr. and Mrs. Cowper, Brother Fred Ficker are among those who have paid shorter visits.

THE College Board met at the college on June 18. Tentative plans were laid for a further building programme, the details of which will be announced as soon as plans are approved. A committee was appointed to give study to introducing further vocational training at the college. Plans were also laid for strengthening the Commercial Department.

THE board gave earnest consideration to the question of accepting students who have taken Standard VII in home or church schools. A very definite action was taken to the effect that we do not encourage the offering of work above Standard VI in home or church schools. One of the chief reasons for this is the lack of proper facilities for certain subjects in the smaller schools.

NEW blazers, badges and colours have recently been adopted. The blazer is black, the badge is one containing some five or six symbols representing the various features from which Helderberg College is named and surmounting all, a crown symbolising the crown of life the ultimate objective of all our efforts.

THE first two days Harvest Ingathering effort brought in over £160. Only £40 more to go on our goal of £200. We expect to realise it shortly.

ABOUT thirty-five teachers and students were present at the marriage of Brother Wentzel Cowper and Miss Esther Robison in Claremont, June 21.

THE college family is enjoying a well earned holiday of four days. Parties of students have gone to various points of interest including Cape Town, Strand, Somerset West and Helderberg Mountain.

Special Book Offers

"ON THE WINGS OF THE MORNING," by Robert Bruce Thurber. Just the kind of book for your boy or girl, full of adventure and truth.
Cloth binding, price 6/-, postage paid.

"FIFTY MODEL SABBATH SCHOOL REPORTS," compiled especially for use by our Sabbath school secretaries, a book full of fresh ideas for each Sabbath of the year. Paper binding, price 1/6, postage paid.

"1934 MORNING WATCH CALENDAR," usual price 3d. per copy, now 1½d., or two for 3d., postage paid.

SPECIAL!

At the recent camp-meeting in Johannesburg, special discounts were given to our people. Many were unable to attend and benefit by these reduced prices, and therefore we offer, for the *next two weeks only*, the following books at camp-meeting rates, postage paid. As there are but one or two of each kind in stock, please list a second and third choice when ordering:

Name of Book	Author	Regular	Reduced
		Price	Price
Brothers of the King	Spalding	2/9	2/6
The Science of Every Day Life	Van Buskirk & Smith	3/6	2/6
Back to the Bible	McCready Price	7/-	6/6
The Phantom of Organic Evolution	McCready Price	7/-	6/6
Q. E. D.	McCready Price	5/-	4/6
Ephesians	Findlay	4/6	4/-
The Soul Winner	Spurgeon	7/-	6/6
Creation—Not Evolution	Nichol & Baker	7/-	6/6
Manual of Church History	Newman	9/-	8/-
Rivers of Living Water	Froom	5/-	4/6

FOR YOUNG PEOPLE, JUNIORS AND CHILDREN

Sindiga, the Savage	Beavon	7/-	6/6
Canibals and Headhunters	Watson	7/-	6/6
Old Homestead Tales (4 vol)	Neil W. Northey	24/-	21/-
In the Land of the Pagodas	Thurber	6/-	5/6
Among the Arabs in Bible Lands	Ising	6/6	6/-
Really Trulies	Mrs. Evans	6/-	4/6
Choma	Mrs. Robinson	6/-	5/6
Manana Land	May Carr Hanley	3/6	3/3
The Measure of a Man	Spalding	7/-	6/6
Missionary Adventures in Africa	Branson	7/-	6/6
Fruit from the Jungle	Wood	5/-	4/6
Isles of Opportunity	Warren	6/-	5/6
Pioneering in the Neglected Continent	Westphal	6/-	5/6
Bible Story Primer	Sanders	5/-	3/6
Zip the Coon, and Other Stories	Bralliar	7/-	6/6
Making Home Peaceful	Mrs. Avery-Stuttle	2/6	2/3
Little Pilgrim Stories	Lilian John	7/-	4/6
Heroines of Service	Parkman	9/-	8/3
The Expected King	Lettuce Bell	3/6	3/3

PLEASE SEND CASH WITH ORDER TO

The Religious Book Depository
P.O. Box 256
Bloemfontein, O. F. S.